TEKS 1

Te boom om te boek

Dory Farr

1 Hoe besing 'n mens die lof van 'n boom?

2 Helena Opperman se heerlike mosaïekteks oor bome wat sy tydens haar reise raakgeloop het (*LitNet*, 7 Januarie 2020), gee iets van 'n antwoord op hierdie vraag. Oor elkeen vertel sy die storie, skets die konteks en gee haar indrukke. Sy laat die leser besef: bome is oor millennia heen deel van die mensdom se lewe.

3 Want bome is sulke groot géwers. Hulle gee skaduwee en skuiling. Blare en takke word op allerlei maniere gebruik. Natuurlik is hulle vrugte goud werd. Hulle verskaf boumateriaal en brandhout. Hulle haal koolsuurgas uit die lug en stel suurstof vry. G'n wonder dat die Amasone-oerwoud die longe van die aarde genoem word nie.

4 Kunstenaars, soos skrywers, besoek bome vir hulle gawes. Nie slegs letterlik nie, maar ook vir hulle simboolwaarde: standvastigheid, duursaamheid, diensbaarheid.

5 In *Kringe in 'n bos* beskryf Dalene Matthee hoe die negentiende-eeuse bewoners van die Knysna-bos hulle bestaan hoofsaaklik verdien deur bome af te kap. Hulle kom in konflik met die historiese boswagter Harrison, wat destyds al gewaarsku het dat mense die Bos kan vernietig. Niemand glo hom nie, behalwe Saul Barnard, die kwasterige hoofkarakter, wat bome anders ervaar as sy lotsgenote. Hy begin sake anders benader, leer selfs houtmeubels maak, om 'n meer volhoubare lewe te skep.

6 Woude bied fassinerende studiegeleenthede. Met meer ontwikkelde navorsingstegnologie kan navorsers komplekse toetse op bome doen – telkens met verrassende resultate. Ondergronds, met behulp van fungusse, kommunikeer hulle met mekaar en deel voedingstowwe. 'n Boom sal selfs sy/haar nasate voortrek met die verspreiding van voedingstowwe. Kan jy nou meer!

7 Richard Power benut hierdie ontdekkings in sy knewel van 'n roman, *The overstory*. Die titel verwys na die boonste laag van 'n woud, waar boomtakke sonlig opvang vir fotosintese. Die takke vorm 'n dak, wat belangrik is vir jong boompies, en ander spesies (plante én diere) wat op die "understory", die bosvloer, leef. Die komplekse weefsel van woude word 'n uitgebreide metafoor vir die nege hoofkarakters. In elkeen se lewe is bome belangrik, en hulle stories raak vervleg. Hulle probeer keer dat mense bome vernietig, maar word meermale gearresteer as moeilikheidmakers. Ten spyte van dié uitsigloosheid is daar wel 'n sprankie "hoop": bome sal op die aarde wees lank nadat *Homo sapiens* verdwyn het ...

8 Soms moet 'n mens tevrede wees met 'n enkele boom. Soos Francie Nolan, wat tussen 1900 en 1920 in die lae sosio-ekonomiese gemeenskap van Brooklyn, New York grootword, in Betty Smith se klassieke roman *A tree grows in Brooklyn*. In die binneplaas van die woonstelblok waar Francie en haar brandarm gesin woon, groei 'n boom, wat vir die kreatiewe meisie dikwels 'n verbeeldingsruimte is. Wanneer die boom uiteindelik afgekap moet word (daar is altyd iemand met 'n Goeie Rede), breek dit haar hart. Ná jare, wanneer sy wegtrek na 'n voorspoediger lewe, sien sy dat die boom weer uitgeloop het. Hierdie uitloopsel beskou sy as 'n simbool van haar lewe.

9 Skrywers soos Matthee, Power en Smith beantwoord ten dele my vraag aan die begin. Hulle stories (veral die eerste twee romans, wat as "groen letterkunde" bestempel kan word) teken bedreigde bome op. Daarin lê vir ons almal 'n opdrag: koester, benut en beskerm bome, weerstaan hulle vernietiging, sover moontlik. As dit jou nie geluk nie, teken hulle op deur hulle af te neem, te skilder, te beskryf en met woord en lied te besing. Sodoende staan ons dankbaar in hulle skaduwee.

[Verwerk uit: Farr, Dory. 2020. Te boom om te boek.
Aanlyn beskikbaar by: <www.litnet.co.za/te-boom-om-te-boek/>
Datum van toegang: 4 Maart 2020]

IEB Copyright © 2020

TEKS 2

Verloor só gewig!

Piet Matipa

1 Diëte en oefeninge is onnodig: plaas jouself in spanningsvolle situasies en die vet smelt sommer weg.

2 Een geskikte situasie is om verloof te raak. Dis lekker traumaties en sal verseker jy lyk goed vir die troudag.

3 Vir 'n man om 'n vrou te vra om te trou is 'n hele proses. Eers moet jy haar ouers gaan toestemming vra om met haar te trou – nog erger as hulle nie van jou hou nie. Daardie stres kan jou maagkrampe gee. Dan sê hulle ja. Nou bly jy nagte wakker om die perfekte tyd en plek te kry om vir háár te vra. Jy wil dit vir haar so romanties maak dat sy aan die huil gaan. Jy is amper seker sy gaan ja sê, en jou stres duur voort. Jy hoop sy kry nie snuf in die neus voor die groot vra-dag nie. Die angssweet drup uit jou kliere. Alles gebeur dan soos beplan en sy sê ja. Jy het al genoeg spanning beleef om 'n kilogram of twee te verloor.

4 Liewe vrou, jou spanning begin nadat jy ja gesê het. Jy moet die troue reël. Jy moet kwotasies kry. Jy moet strooimeisies bymekaarkry. Jy het nie genoeg vriendinne nie: <u>jy moet mense van wie jy net-net hou, inkatrol</u>. Die trourok is jou grootste nagmerrie, want jy is die ster van die troue. Jou toekomstige man is bloot 'n byspeler. Die troudag kom aangedraf en die stres vererger.

5 Hierdie proses veroorsaak heerlike gewigsverliesspanning vir 'n vrou. Elke vrou moet baie kere verloof raak. Die enigste nagmerrie is daardie lastige wittebrood. Wittebrood roep al die vet terug en jy pof weer op soos 'n ballon vol water. Raak verloof, maar wees gewaarsku!

6 Vergeet al die ander gewigsverliesmetodes. Hoekom droë hoender en geurlose groente eet? Hoekom vroeg opstaan vir oefening? Met die nodige spanning kan jy eet net wat jy wil en steeds die figuur hê wat jy begeer. Vergeet dieetboeke en -pille en -skommels. Volg Piet se gewigsverlieswenke, en wag in spanning ...

[Verwerk uit: Matipa, Piet. 2016. *Dwarsklap: skakerings van swart in die nuwe Suid-Afrika*. Kaapstad: Penguin]

TEKS 3

Tablette in die klaskamer

Shanda Luyt

Oor ses jaar behoort elke skoolkind in Suid-Afrika 'n tablet te hê, volgelaai met digitale handboeke. Die Departement van Basiese Onderwys werk reeds hard agter die skerms om dit te laat realiseer. Verskeie staat- en privaatskole werk al sedert 2013 met tablette, met wisselende sukses.

'n Skoolhoofdinkskrum in Gauteng het onlangs 'n besprekingsdokument vrygestel. Party skoolhoofde is baie opgewonde oor bestaande tabletprogramme. Veel minder papier vir fotokopiëring word gebruik (minder dooie bome!). Onderwysers raak opnuut betrokke by die skepping van vakinhoud. Met e-handboeke kan hulle self notas, webinligting en klank- en beeldgrepe oplaai, wat al hulle leerders dan maklik kan gebruik. Ander hoofde sê dat hulle skole nog nie eers lopende water en elektrisiteit het nie, laat staan nog riolering – dít is waar hulle fokus lê.

Leerders van Hoërskool Wolwefontein praat entoesiasties oor tablette, maar sommiges is negatief. Sara* hou van haar veel ligter tas, en van die interaktiwiteit: klankgrepe en video's maak vir haar die inhoud interessanter as tradisionele teks. Sy maak ook haar eie aantekeninge en vra vrae, en deel alles met haar klasmaats en onderwyser. So leer hulle by mekaar. Haar broer Bernhard* sê egter dat al die visuele aspekte hom pla: hy verkies gedrukte handboeke en voel dat hy dan deegliker opsommings maak wat hy later vir eksamenvoorbereiding gebruik. Lourens* sê hulle moet mooi beplan om hulle toestelle te laai, so tussen die beurtkragbeurte deur. Almal kan nie by die skool laai nie: daar is te min kragpunte daarvoor.

Sara en Bernhard se ma sê: "Ek is bly my dogter is so positief oor e-handboeke, maar die toestelle is darem peperduur, al is e-boeke effens goedkoper as gedrukte weergawes. Versekering en instandhouding is moeilik, hoewel die skool goed ondersteun word deur die diensverskaffer." Sy hou daarvan dat handboeke gedurig opgedateer word met nuwe inligting: "Dit hou die kinders geïnteresseerd."

'n Onderwyskenner, prof. Louise Joubert, sê onderwysers moet reg opgelei wees om die moontlikhede van die tegnologie optimaal te kan ontsluit: "Baie navorsing is nog nodig om te bewys dat tablette werklik leer verbeter. Suid-Afrikaners moet hierdie vaardighede aanleer, maar moet ons werklik nóú hierop fokus?"

*Name is verander om deelnemers se identiteit te beskerm.

[Verwerk uit: Luyt, Shanda. 2019. Tablette in die klaskamer. In: *Vrouekeur*, 13 Desember 2019: 26–27]

IEB Copyright © 2020

TEKS 4

Ecce homo

Wat het hom tog besiel om te wíl
regopstaan? Kierts! Tog nie net
dors na kennis, die bykom van 'n appel
bo-aan 'n baie groot, sugtende boom nie?
Handeviervoet sou hy ook, op 'n lei, 5
kon leer lees en skryf het, later
die relatiwiteitsteorie vinger-in-die-sand
kon uitgewerk het, en uitgevee het
(want waarvoor?) met minder rugkwale.
Handeviervoet kan jy godsdiens beoefen, 10
loer in 'n mikroskoop, klavier speel,
beelde boetseer, op jou rug rol om plafonne
te beskilder, weer omrol en van jou steiers
afklouter, fronsend, ingedagte, honger.
Handeviervoet is eet en drink speletjies, 15
paring vanselfsprekend. Alles gaan.
Net toneel speel, lyk dit my, sou bedenklik
ingewikkeld, haas onmoontlik en regtig
lagwekkend wees. Regtig. 'n Kruipende
Faust. 'n Klutaimnestra met swengelende 20
borste. Nee! Drama wil hoog reik!
Daar staan hy nou met sy weekdele bloot,
die mens, die sot, die groot toneelspeler.

– *Wilma Stockenström*

[Oorspronklik uit die bundel *Spieël van water* (Human & Rousseau, 1973)]
[Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel twee*. Kaapstad: Tafelberg: 595]

TEKS 5

My meisie se wange is sterkoningappels
syt ook nog anner appelgeid
maar dit is ek nou kwyt
sys kwaad vir my en nous dit uit
ek het mos onlangs Sewe Dae lank 5
gaan kuier in Jeroen se Lekkertuin
'n geitjie het my meisie dit vertel
en nous ek haar en ook haar appels kwyt
(die storiemakers sê dit is maar goed so)
ek skaam my dood oor my besoek 10
van Sewe Dae aan Jeroen se Tuin
nou staan my ghremmer nous ek desperaat
wat mag 'n mens oor Lekker dink en praat
wat mag jy wens en skryf wat moet jy laat
by predikante professore soek ek raad 15
van Pontius na Pilatus vannie wal innie sloot
ek wens ek wens dat iemand my kan sê
wat is aksenawel tog die hoogste waarde
wat is betaamlik waar begin die kwade
daar is so baie Lekkertuine op dees aarde 20
nou staan my ghremmer nous ek desperaat

– Boerneef (I.W. van der Merwe)

[Oorspronklik uit die bundel *Op die flottina* (Nasionale Boekhandel, 1967)]
[Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel twee*. Kaapstad: Tafelberg: 442]

IEB Copyright © 2020

TEKS 6

Jan

Terwyl sy vir haar gesin 'n broodjie
van water en witmeel maak,
dink sy weer aan 'n man met die naam
Jan. Hoe hy eens op 'n tyd 'n baadjie
gedra het van bruin riffelferweel 5
en die woord *dadelik*
stukkend gebreek het tot drie enkelklanke
een dodelike stormdonker dag. So: daa de lik –
en sy gedink het, aanvanklik, sy stil blik
is onskadelik. Sy plaas die pan 10
in die oond en gaan na die hoofslaapkamer.
Baie stadig kam sy haar hare
terwyl sy deur die raam
na die sonsondergang staar.
So baie herinneringe, 15
so baie baie herinneringe deur so baie jare
van haar bestaan,
aan 'n man met die naam

Jan –

– *Ina Rousseau*

[Oorspronklik uit die bundel *'n Onbekende jaartal* (Human & Rousseau, 1995)]
[Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel twee*. Kaapstad: Tafelberg: 408]

TEKS 7

Kremetartboom

die kremetartboom is 'n boom
hy laat nie sommer mense in hom klim nie
hy laat jou in hom óp kyk hy laat jou om hom loop
die olifante het hom bygekom sy bas gestroop
dit laat hom ongeroer 5
die kremetartboom is 'n boom

die ape mag maar in hom klouter
baljaar en hom beskyt dit laat hom ongeroer
hy laat die slang en vlermuis in hom boer
die leeus mag aan sy basis pis 10
hy bly maar wat hy is
die kremetartboom is 'n boom

diep in sy sagte bruin ou bas
het harteloses hulle éie harte uitgesny
dit laat hom ongeroer sy holtes is deur bye 15
vol van hulle blommesoet gemaak
die spinnekoppe span in hom hulle sterrerak en radar
die kremetartboom is 'n allerboomste boom

hy is meer kaal meer stam as tak en blaar min vrug
meer aarde toe terug en ín as in die lug 20
mens sien hom as hy oud is raker raak
vol rimpels sag vol vog en sap
geen ander boom lyk naasteby
so enig bomelik soos hy
alleen die GrootVoet kan hom trap 25
sy swaar liggaam totaal toemaak
die kremetartboom is my boom

– T.T. Cloete

[Oorspronklik uit die bundel *Die heilige nuuskierigheid* (Tafelberg, 2007)]
[Bron: Brink, André P. (samesteller). 2008. *Groot verseboek deel drie*. Kaapstad: Tafelberg: 871]

Nota: Die kremetartboom is 'n besondere boom wat veral in Oos-Afrika en Madagaskar voorkom. Dit staan dikwels bekend as die onderstebo-boom omdat dit lyk asof die wortels in die lug in groei en nie in die grond in nie. Dit speel 'n baie belangrike rol in die ekologie van die omgewings waarin dit voorkom. Die spreker in hierdie gedig neem waar hoe die kremetartboom in die natuur allerhande aanslae oorleef en identifiseer baie sterk met die boom.

IEB Copyright © 2020

TEKS 8

Groei ww of snw

1. In grootte, lengte en/of omvant toeneem: *Die boom groei vinnig. Die AHI het gegroei tot een van die grootste werkgewer-organisasies in die land.*
2. (fig) In graad, hewigheid toeneem. *Oor die afgelope 67 jaar het die positiewe impak van die AHI op die plaaslike ekonomie geweldig toegeneem.*
3. UITBR: Geen gras onder jou voete laat groei nie; dadelik aan die werk spring; nie lui wees, uitstel nie. *Die lede van die AHI laat geen gras onder hulle voete groei om sakegeleenthede te benut nie.*
4. UITBR: Teen verdrukking in groei; on danks moeilikhede floreer. *Met lede uit verskeie sektore en samewerking tussen verskillende rolspelers – soos Media24 – kry die AHI dit reg om on danks 'n moeilike ekonomiese klimaat – en groeipyne – groeipunte in verskillende sektore te help skep.*



Media24

HOU JOU IN VOELING MET WOORDE

Nota: Die afkorting AHI verwys na die Afrikaanse Handelsinstituut, 'n vrywillige genootskap wat sy lede help om maksimale gebruik van ekonomiese geleenthede te maak.

TEKS 9A

[Bron: Zapiro. 2019. Amazon-brande [spotprent].
Aanlyn beskikbaar by: <https://www.cagle.com/zapiro/2019/08/amazon-fires-5>
Datum van toegang: 29 Januarie 2020]

IEB Copyright © 2020

TEKS 9B

[Bron: FSC Clocks. 2009. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.adsoftheworld.com/media/print/fsc_clocks> Datum van toegang: 29 Januarie 2020]

TEKS 9C

[Bron: WWF Lungs. 2009. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.adsoftheworld.com/media/print/wwf_lungs> Datum van toegang: 29 Januarie 2020]

IEB Copyright © 2020